

AFDELING II.



Handelende oor

WERKERS EN MEDEWERKERS.

Waarin die verrigtings van die ou Genootskap bespreek word. Hierdie gedeelte het nog nie in druk verskijn nie en werd aan lede van die Genootskap voorgelê om te skrap, of aan te vul, wat ontbreek—ons vind die aanmerkings hieromtrent ook in Afdeling III opgeteken.

HOOFSTUK I.

'N VERSOEK.

Beleef word ons deur verskeie persone gevra om tog meer van die dageraad van die Afrikaanse Taalbeweging te vertel.

Ons sal die hand van die ou lede van die Genootskap vat om hulle weer terug te voer naar die eens bewandelde voetpaadjies, met doringstruik omsoom. Misskien sal dit ook menig jonger medestrijder aangenaam wees om die bakens te vind wat douwvoordag deur die ou voorgangers daar geplant was om die weg aan te dui, waarlangs die taalstrijd gevoer werd.

Als ons aan die versoek nie gevolg gee nie, dan sal ons vir ons aan pligversuim en ontrouheid skuldig maak; want dan ontruk ons nie uit nie; maar werp juis gemaakte geskiedenis in die gapende kake van die vergetelheid.

Al is ons nie die aangewese persoon daarvoor nie, tog die drang van sedelike verpligting noop ons daartoe, want, skoon ons reeds die tydspanning van 50 jare sedert lang oorgestap het, is ons een van die jongste onder die lede, wat reeds die grendels van 60, 70, ja 80 jare agter hulle hoor toeskuiwe het. Dus die oë van daardie ou pioniers staar reeds op die deinsige gesigseinder van kortstondig lewe.

Wanneer ons die geskiedrolle van die Genootskap uit die stoflaaitjies te voorskyn bring, is dit gebeurlik dat hier of daar 'n wink die voortgaande Taalbeweging te stade mag kom. Bijvoorbeeld hoe om te organiseer, of soos die oues dit genoem het: om van een middelpunt uit te werk. Tans verrig die beweging sijn werksaamhede deur verskeie verenigings, dus met verbrokkelde werkkragte. Hou die verenigings nog vergaderings? Onwenslik is dit om 'n toestand in lewe te roep van Gods water op Gods akker en niemand met 'n graaf om die gawe naar waarde aan te

pas nie. Daar staan nog soveel "om te doen" ongeduldig te wag om met vuiste en nie met die mond verrig te word nie. Die band van eenheid moet nog stewiger vasgetrek word om die gehele beweging kragtiger te omsnoer. Waar is tans die voorman, of erkende leiers om 'n gesonde toon aan te gee? Bestaan daar 'n bepaalde werkplan?

Wanneer ons aldus die gedagte van die ou Genootskap weer gee, vertrouw ons dat dit nie met 'n skijn van foutvinderij sal bejegen word nie; maar wel als hartelike belangstelling in 'n saak, wat ons almaal so dierbaar en waarvoor reeds soveel opgeoffer is. Wat verbij is, is verbij; maar wat tans bestaan, en wat voor lê, die kan nog met beleid aan die hand gevat word om van wa-omgooi, of verdwaling te red.

HOOFSTUK II.

DIE OU GENOOTSKAP BESTAAN NOG.

Hoeveel van die lesers is daarvan bewus dat die ou Genootskap van Regte Afrikaners nooit ontbind is nie en derhalwe nog bestaan? Vijf uit die sewe oorspronklike lede, wat die voorlopige vergadering op 14 Aug. 1875 bijgewoon het, leef nog (Eerwaarde D. P. Dempers het bedank deur dwang van buite uitgeoefen; daarom is sijn naam op die eerste notule geskrap). En dit pas ons hier om met ontblote hoof in dankbare erkenning louwere op die twee stilswijgende grafte neer te lê, Ds. S. J. du Toit en mnr. S. G. du Toit (Fanie). Die helfte—misskien meer—van die ledetal bevind sig nog onder ons en verrig nog hulle daaelikse werk, ofskoon hul tans nie meer beskik oor hulle beste werkkragte nie.

Ons hoor verskeie lesers uitroep: "En waarom hoor ons dan niks meer van die ou Genootskap nie?"

Om die vraag naar verdienste te beantwoord, en die grondige redes daarvoor op te som, vrees ons, dat dit in sommige kringe enigssins pijngevoel sal opwek; maar terwille van die geskiedenis durf ons hierdie punt nie ontwijkend verbij stap nie.

Ons het reeds verneem dat die "Patriot" terwille van sij later ingeslae politieke rigting in 1904 geval het. Die grote meerderheid van die lede en ondersteuners, waaronder sig President Reitz, Oom Lokomotief, mnr. C. P. Hoogenhout en andere bevind het, was die later politiek nie toegedaan nie. Beroofd van 'n liewelings blad, wat eens die hart van die volk met sig meegevoer het, het 'n floers van neerslagtigheid 'n somber gevoel in hulle harte verwek. Maar gelukkig het 'n verwijdering van liefde en vriendskap die lede nie van mekaar kon skei nie. Vrinde als altoos! En ons laat nie vaar die werk van ons hande nie! So was daar sprake, en die plan het steeds bijval gevind, om die taalsak op nie-politieke grondslae voort te set.

Middelerwyl begin die jonger geslag, ongeveer gelijktijdig in 1906 te Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein om taalvereniginge te stig en stap die ou Genootskap, wat sake sover gebring het, totaal verbij. Hierdie onagsaamheid mag als 'n breuk van fijngevoel bejegen word, maar wat die grense van fijngevoel te ver oorskrei het, was om die werk van die ou Genootskap als ongeskik te verklaar (Sie maar die toesprake en strekking van geskifte uit daardie tijd). Jammer maar dat sulke forse stemme als die van Professors Joh. J. Smith, T. H. le Roux, D. F. Malherbe, en Dr. W. M. R. Malherbe, nie in daardie tijd die opgewondenheid kon afkoel nie.

Dr. Joh. Smith sê ("Oom Gert vertel deur C. L. Leipoldt):—" en dit hoef ons ook geenssins te berowe van die hulp en die raad van dié geharde strijers, wat douwvoordag op was om vir ons te werk en aan wie dit te danke is dat die bestaan van 'n Afrikaanse Taalbeweging vandag *moontlik* is" (Sie ook "Die Brandwag" 15 Junie 1912).

Dr. T. H. le Roux, Dr. D. F. Malherbe, en Dr. Joh. J. Smith in "Afrikaanse Woordelys" open hulle welsprekende Voorwoord met die woorde: "Na aanleiding van die vordering wat Afrikaans die laaste jare gemaak het, het een uit die ou taalgarde hom onlangs op die volgende wyse uitgedruk: dis tog maar waar, die een sal saai en die ander sal maai. So is dit. Hierdie woordelys en hierdie spelreëls is die vrug van die werksaamhede van die taalpioniers, die lede van *Die Genootskap van Regte Afrikaners* opgerig in die Paarl op 14 Augustus 1875."

Dr. W. M. R. Malherbe (Redakteur "Die Brandwag") skryf aan ons in 'n private brief: "Dit is tog wonderlik waarheen so 'n klein begin moes gelei het; want sonder daardie begin, wie weet, waar ons vandag nog moes *gesukkel* het."

Wel, hier het ons die opinies van vier van ons beste Afrikaanse taalgeleerdes, wat durf met gesag spreek: want hulle is manne—soos President Kruger dit uitgedruk het—"wat letters geëet het."

Die naam van mnr. G. S. Preller wens die Genootskap in verdiende herinnering te hou. Ons was bij toe sijn brief in die Paarlse Drukkerij voorgelees werd, waarin hij verklaar dat hij ook tot die oortuiging gekom is "Ons skryf soos ons praat," en belooft toe sijn steun aan die beweging te gee—iets wat hij daarna ook gedoen het. Die besonderhede waarnaar hij gevra het, werd hom bereidwillig verstrekt.


Maar sover ons persoonlik, of ander lede van die Genootskap bekend, het gin een van die vereniginge die broederhand uitgesteek nie. Dog toe "Ons Taal" als maandblad sijn verskijning op 15 Mei 1907 maak, het hij almaal uitgenooi om mee te werk. Aldus het die tijdskrif in sijn inleiding, *als kind*, gepraat:—

"Ek fra twé dinge feral: ferskoning vir foute en tekortkomings. Ek is mar 'n kind, wees geduldig met mij. Alle nuttige bijdrage sal hartelik welkom wees. So jonk en klijn as ek is, wil ek mij graag beskrikbaar stel om di land deur te gaan en an andere te gaan fertel, wat an mij toefertrou word.

"Wat mijn spelling betref daaro'er wil ek net 'n paar woordjies praat. Fereers: ek is 'n kind en moet mar kijk hoe andere maak.



S. G. Du TOIT, die eerste sekretaris van die Genootskap van Regte Afrikaners. Hij was student aan die Paarlse Gymnasium en later onderwyser te Goudini. Die eerste notule van die ou Genootskap is in sij handskrif.



Ds. FRANCOIS Du TOIT het sij leraars-amb neergelê om als Hoof van die Hugenote Gedenkskool aan die Dal op te tree, alwaar Afrikaans die aller eerste op skool geleer werd. Hij was 'n broer van "Dokter" en het ook getrouw met die Bijbel vertaling gehelp.

“Nou, daar is twé bewegings op die gebied fan di Afrikaanse taal. Di ou Afrikaanse beweging is reeds ongeveer 32 jaar an di gang, en hulle het mettertijd tot 'n koers fan spelling geraak en dit min of meer fargestel, en ferder ferklaar en ferededig in di boeki getiteld “Fergelykend Taalkunde, Afrikaans—Engels.”

“Di nuwe Afrikaanse beweging het tot hiertoe nog ni offisieel o'ereengekom tot 'n faste spelling ni; di voorstanders daarvan skrywe elkeen naar hij meen dat goed is. Daarom het ek besluit om fer mij nou mar te hou an di reëls van di ou beweging *in die hoop dat spoedig* al di partije op die gebied sal o'ereenstem tot 'n faste koers, sodat ons *almal* eenders skrywe.

“Natuurlik, ek wil duidelik verstaan wees, *frinde wat fan mij wil gebruik maak, is vollome vrijgelaat om te skrywe na hulle ferhising* en ek sal elkeen vrijlaat om sijn *eije spelling te volg*. Op hiirdi manier kom daar gedagte-wisseling en is daar kans om te sijn welke spelling op di end di beste sal beantwoord.”

Van hierdie uitnodiging het Prof. Brümmer, Totius, adv. J. H. de Waal e.a. 'n paar maal gebruik gemaak om bijdrae te stuur.

Die nuwe beweging vat hulle eie koers en die lede van die ou Genootskap slaan toe hande oormekaar en sit bo oor hulle brille aan te kijk.

Wat sonderling bij die beskeidenheid van die lede van die ou Genootskap afgesteek het, was die opgewondenheid waarmee die nuwe strijers mekaar in die wolke verhef en mekaar onbeskroomd in die aangesigte sit en prijs. Dit het die ou Genootskap 30 jaar (1875—1905) geneem om 'n jong geslag vir die strijd voor te berei, dog Jozua het 40 jaar geneem om sijn jong geslag in order te krij, eer hij die Beloofde Land kon intrek. Die ou geslag, wat naar die vleispotte van Egypte (Hollands) terug wil, moes eers weg val. Net so was dit hier, die ou teenstanders van Afrikaans dwing terug naar Hollands wat agter die rug was; so moes 'n jonger geslag gebore word, wat van kleins af Afrikaans geleer lees en skriwe het in toe hulle in die strijd veld tree toe het eers die oes van die ou Genootskap rijp geword; maar was nie rijp deur die jonger geslag gemaak nie.

Die lede van die Genootskap het toe maar kalm blij sit en kijk, wetende dat als hulle sou voortgaan, hulle dan die jongere in die wiele sou rij. En die daad van onhoffelikheid om die ou Genootskap, wat tot so ver alles opgeoffer het totaal verbij te stap en dit nog bo-op te bestempel als "konserwatief" en hulle werk als "ongeskik" en van lae gehalte te verklaar, het alle belangstelling in die beweging bij die ou lede weggeneem, sodat hul vandag onverskillig voel nes 'n boer, wat sij beste jare op 'n plaas geswoeg het, en nou stil en onbekommerd op die dorp kom woon. Hulle penne, wat eens so gewillig was om ons Moedertaal uit die slijk en van onder die voete op te tel, is nou in hulle skryf-taaitjies toegesluit.

Totaal onverskillig is hul nie; want waar hulle gevra word, is hul nog nes 'n afgedankte ruiterrijper wat in die veld op "genade brood" wei; als hij die bekende klank van die regiment-beul hoor blaas, ruk hij sij kop sierlik op, spits sij ore, snork, draf vorentoe en stop, alsof hij in gelid staan—klaar vir die krijg; want hij ken die ruik van kruitdamp.

Hier het ons dus die redes waarom die Genootskap van Regte Afrikaners nie meer, of nooit weer, sal vergader nie. In hulle harte voel hul kalm en doodtevrede oor wat hulle tot stand gebring het, wetende dat niemand slegter word juis omdat 'n ander hom sleg maak, of dat iemand beter word juis omdat hij onder die uitgebreide vleuels van Roem binne gelei word onder 'n reënbui van goue letters. In die hand van liefde sit balsem en genesing; in die hand van medewerking sit krag en sterkte; in die hand van broederskap is die band van eensgesindheid, wat die harte so liefies omsnoer.

HOOFSTUK III.

VERGADERINGS VAN DIE GENOOTSKAP.

Wie dit te beurt geval het om 'n vergadering van die ou Genootskap bij te woon, sou dadelik getref gewees het oor die besadigdheid en kalmte, wat tussen die vier mure van die vertrek geheers het. Alvorens met die gewone werksaamhede 'n aanvang gemaak werd, het die lede die onmisbare leiding van 'n albestierende Voorsienigheid deur 'n gebed ingeroep. Alle vergaderings werd met dankgebed gesluit. Niemand mog tot die Genootskap behoort als hij nie in 'n Godheid of in die versoeningsdood van Christus geloof het nie. Niemand het getrag om agter 'n geleerde gesig te skuil nie, en die trots, wat so menig mens in die waan bring, als soude hij meer weet als sij naaste, werd daar gemis; nog minder het iemand getrag om die skone wêreld, wat medegevoel afdwing, met te veel geleerdheid te bederwe. Ieder spreker werd met aandag aangehoor om daarna met instemming of afkeuring begroet te word. Aan bekwame leiers het dit nie ontbreek nie. So skryf Dr. W.M. R. Malherbe uit die jongere beweging ons nog onlangs: "Hoe jammer dat ons nou nie 'n man onder ons het van die kaliber van wijle Ds. S. J. du Toit nie. Daar is groot plek vir so iemand op die oomblik; want al is die strijers baja; die genie ontbreek. Maar ons moet roei met die roeiers wat ons aan boord het." 'n B.A. uit die jongere geleedere skryf ook aan ons in 'n private brief: "Hoe dit ook al mag wees dit is waar: die ou Genootskap had tot hulle beskikking bekwame leiers, soos Ds. S. J. du Toit, Oom Lokomotief en Mnr. C. P. Hoogenhout, waarop ons nie kan beslag lê nie. Maar dit moet julle weer erken, dat ons bekwamer taalgeleerdes onder ons tel—wat die studie van moderne tale verder nagevors het. Maar praktiese aanpassing is nog nie noodwendig aan geleerdheid verbind nie."

Die uiterlike voorkoms van die lede sou ook nie bij die toevallige besoeker 'n diepe indruk nagelaat het nie. Hij sal gewis dieselfde aanmerking gemaak het, wat so menig maal op straat gehoor werd: "Meeen julle klompie predekantjies, sendelinkies, skoolmeestertjies en wijnboertjies, dat *julle* dit ooit sal regkrij om van 'n hotnotstaal 'n menstaal te maak? Nee, dit sit nie in *julle* klere nie! Waarom bestee julle nie liewers julle kosbare tijd, geld en talente aan iets beters nie als om ons mens nog meer agteruit in plaas van vooruit te help? Julle lei mos ons onskuldige mense van beskawing naar barbaarsheid terug!" Wie sou die besoeker dit kwalik geneem het; want die ou lede het baing eenvoudig gelijk net soos hul vandag nog lijk.

Die werksaamhede werd op heel eenvoudige wijze verrig: daar was min kommissie-werk—slegs in uifers moelike gevalle. Vir die orige werd die werk deur die lede in die vergadering bespreek en afgehandel, waardeur meer opienies ingewen werd en ook meer stemme voor of teen 'n voorstel uitgebring werd. Die redaksie van die "Patriot" word, net soos bij andere koerante, behandel. Mnr. C. P. Hoogenhout werd belas met nasien van gedigte en rijme. Daar was baing briewe en gedigte uit *alle oorde* van die land en aan ieder werd aandag geskink. Baing minderwaardige stukke werd ook geplaas om skryflus aan te wakker. Diegene wat beter kon doen, het nie stil blij sit nie, en die wat swak was, het bijgeleer. Want als iemand iets herhaaldelik aanpak, leer hij vanself om die volgende keer dit beter te doen. En so werd die wieg vir aanstaande skrywers gereed gemaak. Ons glo dat Bilderdijk, Goethe en Shakespeare self sou gelag het oor hulle allereerste voortbrengsels—dis te sê, toe hul nog in die laagste klasse van hulle skool gestaan het.

Dat die Genootskap sij hoofbrekens naar sij vergaderinge gebreng het, val lig te begriip. Die "Patriot" het met 50 intekenare teen 5 shillings elk begin, dus dit besorg die inkoms van £12 10s. per jaar terwijl dit hul gekos het £3 5s. om 'n oplaag van 200 eksemplare per maand gedruk te krij. Waar is die posseëls, skryfbehoeftes en andere onvoorsiene onkoste! En tog was daar 'n kleine oorskot die eerste jaar, wat deur private

bijdrae ingevorder werd. Die tweede jaar was besigheid toegeneem en toe was daar 'n tekort van £173 7s., wat op voorstel van Oom Lokomotief aldus gedek werd: Die Genootskap gee £100, die intekenare £50 en hij gee £23 7s. Verder het dit maar altijd broekskeur gegaan. Die droewige staat van die geldkas het die lede baing kommer verwek; maar armoede het 'n groot krag van oorwinning. Ook het die lede hulle hart in die saak gehad.

Nou bo-op kom nog die geweldige teenstand van die kerk in daardie dae, publieke teenstand in parlement en private teenstand thuis. Die Genootskap had nie die minste invloed, en die lede het nie tot die rijke stand behoort nie. Dit het soms gelijk of hul nou hulle saak als hopeloos gaan opgooi. Maar wonderlik was hulle vertrouwe in 'n Hoërhand en in die goeie reg van hulle onderneming. Uitkoms het altijd opgedaag, wat hul dan nog eens soveel harder vorentoe laat beur het. Laat dit ook 'n leidraad vir die jonger geslag wees om onder teenslae moed te hou.

Die geldelike aangeleenthede werd toe later anders gereël, deur die firma D. F. du Toit & Ko. op te rig, en later het baing van die verantwoordelikheid op die Afrikaner Bond geval, sodat die Genootskap sedert 1878 kon lug skep en van die moeilikheid onthewe werd. Maar glo dit het nie sonder "kaalrug rij" gegaan nie. Hulle moes veel opoffer, ook hulle moed was soms lam geslaan.

Was die opoffering van die lede en Bestuur groot, die van die Werkers was nog groter, daar hul teen heel kleine beloning hulle dienste vir die saak moes beskikbaar stel. En dan nog, hulle moes soms die grootste deel van hulle salarisse terug stort om die beweging gaande te hou.

Dat die Genootskap in gemoede oortuig was, dat 'n berg van werk voor hulle gewag het, blyk hieruit dat hul van die lede geëis het om al drie maande te vergader, terwyl die Bestuur ieder maand moes bijkom. Op afwesigheid sonder verlof werd streng gelet. En daar strik geheimhouding nodig geag werd,—terwille van die bittere teenstand deur kerk en maatskappij—so

mog niemand 'n vrind meebring om 'n vergadering bij te woon nie, tensij hij daartoe verlof verkrij het—dit het spioene uitgeweer, want die lede moes hulle “ pasoppertjies ” trouw in ag neem.

Natuurlik werd hierteen nouwlettend gewaak. In die begin het dit baing sorg verwek; dog toe die “ Patriot ” die Bonds orgaan werd toe had die Genootskap groot steun aan die Bonds leiers, en waar daardie voormanne dit raadsaam geag het om die Genootskap op die hoede te stel, het manne soos Mnr. Tommie Theron. Mnr. Daantjie van den Heever, en andere, wat in die geleentheid was om in ander kaarte te kijk, hulle waarskuwende stem laat hoor teen die kuiperije en lae bedoelinge deur persone van wie die Genootskap dit nooit sou verwag het nie. Foei! dat sommige mense sig dikwels tot sulke onwaardige toevlugsmiddele kan wend! Maar laat ons hierdie deel van die geskiedenis met 'n dikke sluier oordek.

Aangesien die Afrikaanse Taal toe nog gin skryftaal was nie, en als sulks, aan die lede tamelik onbekend was, was dit soms heel belangrik om die nuwe ontdekkinge van woorde, uitdrukings en sinwendinge in die vergaderinge te hoor bespreek. Soos flussies aangemerkt, werd baing briewe van minder waarde gepubliseer om skryflus op te wek. So het hierdie toelating bij baing teenstanders en beoordelaars die indruk verwek, dat die “ Patriot ” plat en gebrekkige taal geskrywe het. Maar als die beoordelaar sou nadenk oor sijn eerste opstelle in skool, hoe onvolmaak dit was, hoeveel deurhalings daarin deur die hand van meester voorgekom het, dan sal hij peinsend kopkrap en erken dat hij 'n bietjie te oordrijwend was in sijn oordeel omtrent die werk van andere, wat ook uit 'n swakke vrouw gebore is—sonder te vra: “ Kon ek dit destijds beter gedoen het?”

Nou is dit gin kuns als die weg oop is.

HOOFSTUK IV.

DIE VROUWELIKE INVLOED OP ONS TAAL.

Deur hierdie Indeling te skrywe gee ons gevolg aan 'n wens deur een van die vernaamste lede van die ou Genootskap uitgespreek. So hoog was die agting vir die moederlike invloed op ons taal in die harte van die ou Genootskap, dat hul die ereplaas daarvoor bo aan hulle "Wapen" in die "Patriot" aangewijs het: VIR VADERLAND EN MOEDERTAAL! Sou ons dan vergeet van ons kant om hulde aan die stille taalwerkers te bring?

Dit spijt ons rasend, dat ons hand nie die bekwame behendigheid, en ons pen nie die vereiste welsprekendheid besit om die verdiende kroon sierlik op die hoofde van ons "skoner geslag" te skik nie. Ons vlerke is op hierdie gebied gekap, dus word ons belet om so ver te vlie as hierdie saak van ons verg. Die ontwapening van ons beste bedoeling het aldus plaas gegryp:

In die oorlog (1899-1902) het ons ons aantekeninge oor hierdie punt aan die vijand moes prijs gee. Nie alleen moet ons die verlies van 'n groot volgeskrywe boek betreur nie; maar ook 2 sketsboeke met geskilderde veldblomme en 'n sketsboek vol voëltekeninge, deur ons gemaak. Ons het hieroor meer spijt als oor ons boekerij van 300 boeke wat met 'n stalvurk buite op 'n hoop gewerk werd. Toe ons bij 'n later geleentheid 'n eis vir skadevergoeding voorlê, antwoord die offisier, dat hij goed kan glo dat die aantekeninge, skilder en sketsboeke besonder waarde vir ons besit, dog vir hom is dit net wêrd die papier waarop dit geskrywe, geskilder en geteken was. Ons, wat met die inhoud daarvan bekend is, is daar oortuig van dat daardie arbeid van geduld en oplettendheid veel waarde vir natuur-studie en taalvorsing had.

Want reeds van 1877 het ons dit in belang van ons Afrikaanse taalstudie wenslik geag om van alle egte en suiwere Afrikaanse

woorde, uitdrukkings, sinswendinge ens, aantekening te maak en het dit ter geleënder tijd in 'n groot boek netjies oorgeskrywe om te dien vir informasie vir diegene, wat daarin behae skep. Amper die helfte van ons aantekeninge het ons aan die huistaal van die huismoeder te danke.

Die moeder soek nooit naar 'n woord om haar liefde, of smart, haar afkeuring of veragting te kenne te gee nie. En als sij 'n heks is verstaan sij om haar woorde af te kerwe nes 'n voermasien. Ons vind min vrouwens wat hakkelaars is.

Om met 'n voorbeeld toe te lig, hoe gemaklik sij 'n gepaste benaming vir iets vind, gee ons die volgende staaltjie: Ons sit oor 'n liefhebberij, blomme, te gesels en spreek oor "stuifmeel." Die vrou vra: "Wat is stuifmeel?" Ons antwoord: "Die geel blommeel." Waarop sij aanmerk: "Meel is vermaalde graan; maar *poeier* is enig iets wat fijn is—ons noem dit *blompoeier*."

Is sij nie in haar redeneerkunde reg nie? En dit leer ons om nie sommer naar die Hollandse woorde-skat te hol om daar woorde te leen nie, terwyl ons doeltreffender woorde in ons eie taal besit. Leensug is die gevolg van luiheid om te dink!

Ons meen reeds genoeg in die vorige Afdeling gesê te hê oor die tijd, toe die jong meisies nog meer als nou druk besig was om Engels als "society" taal in te voer; of toe die jongetjies buitekant heel bedrijwig was om alles kleurig met Engelse verf op te skilder. Dus sal ons maar hierdie punt sonder verder opmerking verbij stap, sonder weer melding te maak hoe diegene, wat nie die rooi taal verstaan het nie, daar als piet-onnosels gesit het, of hoe aanstootlik diegene, wat wel Engels geken het, so 'n geselskap gevind het. Te betreure is dit, dat dit meestal die kwaal was van die jong noiens waarvan sommige die Engelse nageaap het om te versoek: "Praat Engels, ek verstaan nie Hollands (of Afrikaans) nie." Hoekom weet hulle so goed Afrikaans te praat als 'n waardige ou grijs moeder of vader hul in hierdie taal aanspreek? En wat nogal die mooiste van alles is, is dat hulle durf sê: "Die Afrikaners is so bekrompe!" terwyl hul die Engelse, wat net met een taal wil klaar kom, tot dwars oor die bergtoppe

verhef, als o, so *wijdbegrippig*. Dat so 'n "can't speak Dutch" meisie nie juis die lieweling van haar nasie is nie, word verklaar deur die onvrindelige name, waarmee sij betittel word: "Engelse rooikous, Engelse tongklapper, Engelse papegaai," om nie eens van Engelse voetsoekertjies te praat nie. Terwyl die Engelse van haar agter haar rug praat als van "the Dutch girl, the Boer girl" maar in haar geselskap swaai hul haar die wierook-tessie voor die voete en prijs haar als een van die "verligtes," sonder dat sij weet dat sij skoppelemaai rij—tussen hemel en aarde swaai.

Tot so ver, die swak punte van die "swakkere vat."

Wat omtrent die, wat nog volhou dat Afrikaans 'n hotnottaal is? Lei hom voor die spieël, versoek hom om daarin te kijk om sigself af te vra: "Wie praat Hotnots?" Lei hom dan naar sij moeder, wat hom die taal leer stamel het, en dan verder naar sij vader, wat hom in die taal voorgelig het. Is hij, of sij ma, of sij pa dan Hotnots? Als hij hom vir 'n Hotnot wil beskou, dan pas dit hom in ieder geval om meer agting vir sij eie ouers te koester!

Of sal ons nog notiesie van *hom* neem, wat Afrikaans als kombuistaal bestempel? Versoek hom die weg naar dit sitkamer te volg alwaar die hoogste Afrikaners in ons land met hulle famielies en vrinde sit en gesels, en versoek hom dan weer terug naar die kombuis te gaan om te hoor hoe Sammie, die kok, en Clara, die binnemeid in die kombuis sit en Engels babbel. En vra hom, hoe hij dit nou het?

Nee, die huisvrouw op wie die hart van haar nasie kan vertrou, word deur Lemuel se moeder aldus voorgestel: Sij is meer werd als robijne, sij steek haar hand uit naar die nooddriftige van haar volk. Haar kinders het haar lief, haar man prijs haar en sê: "Baing dogters het fluks gehandel, maar jij oortref hul almaal."

En sulke vrouwens *het* ons volk besit en besit hulle *vandag* nog. Dit is aan hulle kuisheid te dank dat ons nasie nog nie tot 'n baster ras tussen blanke en swartes verval het nie. Kan die Suidamerikaanse state en die beide Indies hierop roem? Dis aan ons moeders te danke dat ons Afrikaanse Taal suiwer geblij het

en nie tot 'n brabbeltaal versink het nie. Ons mans is tog maar te geneig om ons gedagtes met geleerde en vreemde woorde uit te beeld, terwyl ons vrouwe hulle gevoelens, hulle gewaarwordings in die skoonste hartetaal klee. So nog moes een van ons volksleiers aanmerk, toe hij mevr. Ds. van Broekhuizen (kleindogter van President Kruger) 'n vergadering van mans en vrouwe hoor toespreek: "*Ek wens dat ek so suiwer Afrikaans kan praat!*" En mevr. van Broekhuizen sal die eerste wees om te erken dat sij nie die enigste onder ons Afrikaanse moeders is, wat daardie begaafdheid besit nie.

Vergun ons om drie gevalle van die invloed van die vrouwe op ons taal korteliks aan te stip.

Ons was met ons deurkruis van ons land bij 'n man aan huis. Hij was met 'n Engelse meisie getrouwd. Sij het Afrikaans pronte en suiwer gespreek; maar tog daar was 'n "ietsie" in haar spraak, wat ons nie juis kan verklaar nie. En wonderlik: Elke kind van haar het daardie sonderlinge "ietsie" oorgeërwe.

Ons was lank aan huis van 'n Bolander, wat met 'n Transvaalse meisie in huwelik getree het. Intussen dat ons daar aan huis was, het hulle twee kindertjies leer praat. Die vader en ons had amper net soveel met die kinders af te spreek als die moeder, en tog het die kinders hulle nie aan ons twee Bolanders se uitspraak gesteur nie; maar volg die Transvaalse "ok" vir die Bolandse "oek," die Transvaalse "buitoe" in plaas van die Bolandse "buite" ens. ens.

Ons was in Transvaal bij 'n Bolander thuis, hij was met 'n Vrijstaatse meisie getrouwd. Hij het hom die verveligheid in later leeftyd aangewen om iets te herhaal in sij gesprekke.

Om 'n voorbeeld te gee: Hij was êrens heen gegaan en met huistoe-kom oorval hom 'n swaar haelstorm, wat baing skade aangerig het. Met thuis kom, sien hij 'n paar paddas dood lê en vra aan sij kinders: "Hoekom lê hier paddas dood? Ek sê, hoekom lê hulle dood." Die kinders vertel, dat hulle die doodslaaers was om te laat reën, waarop hij aanmerk: "Volgende keer moet julle nie weer so baing dood slaan nie. . . Ek sê, nie weer

so baie dood slaan nie! Dit het te veel gehael. Ek sê, te veel gehael en die skade is groot. Ek sê, die skade is baie groot.”

Wel, nie een van die kinders het hier die spreekwyse nagevolg nie terwyl almaal tog 'n paar sonderlinge uitdrukkings van die moeder oorgeneem het.

Hierdie mag oor ons taal is onbetaalbaar, vir ons woonagtig tussen inboorlinge, wat ons taal krom praat, vir ons waarvan die kinderoppasters inboorling meide of jonges is, wat meestal 'n brabbeltaal praat. Maar die moederlike invloed is groot, als sji sê: “Mij kind, jii moenie so sê nie, dis verkeerd, jii moet só sê!” So 'n waarskuwing net eenmaal is genoeg.

Moeders van ons volk, groot is julle mag en verantwoording! Sien toe, dat julle dit gebruik om ons volkstaal, ons volkssedes hoog te hou. Daardie taal, wat julle thuis (julle heiligdom) met julle kinders praat, sal die taal van ons volk wees. So lank ons taal op julle lippe lewe, blij dit lewendig; onsterflik—al wil die mans dit deur geleerdheid anders skrywe, hulle sal tog altijd julle lippe moet kus om die soetheid van 'n spreektaal te waardeer.

HOOFSTUK V.

BIJBELVERTALING IN AFRIKAANS.

Hierdie woorde, "Bijbel vertaal in Afrikaans," het in daardie dae dieselfde afmeting gehad als om "Bijbel in die modder te smijt en dit onder die voete te vertrap." Als iemand behae daarin skep om die koerante van daardie tyd na te slaan, dan sal hij vind dat sommige dit als godslastering bestempel het. Ander het gevra: hoe gaan hulle die Opperwese als "Hem" of "Hom" aanspreek? En nodeloos besware werd uitgesnuffel en uitgehang. Om die Bijbel in Kaffers, of Hotnots te vertaal, daarteen had niemand gemoedsbesware. Maar Afrikaans, hulle eie spreektaal, was te sleg—slegter als die taal van Kaffer en Hotnot. Begrijp so iets aan!

Vooroordeel teen Afrikaans, als skryftaal, was bij die geleerdes van daardie dae die magtige Reus om te verslaan. Dis lig te begrijp hoe klein en nietig die lede van die Genootskap in hierdie saak gevoel het. Maar hulle was nie bang nie!

Die Bijbel word deur die kerk onder die arm gedra en juis die kerk van toe was die ontketende Leeuw, wat boekies bij die duisende teen die "Patriot" en sij bedoelinge versprei het. Sonder geld en invloed, wie sou nog moed gehou het? Hier werd hulle staal beproef.

Ons het reeds aangemerkt hoe mnr. Arnoldus Pannevis die eerste was om 'n Bijbelvertaling aan te beveel, hoe die saak met voor- en teengeskryf in die drukpers gebombardeer werd, hoe die lede van die Genootskap bijeen gekom het, hoe hul die tyd vir 'n vertaling ongeskik geag het, hoe hul dit als een van hulle vernaamste ondernemings op hulle programma van werksaamhede geplaas het om dit ter geleënder tyd weer aan te pak, en hoe hul intussen besig was om die volk Afrikaans te leer lees en skrywe;

waardeer die Reus van Vooroordeel die sand geleidelik onder die voete uitgeskop word.

In 1884 kom daar weer 'n roering in die saak. Stemme verrijs dat die Genootskap nie alleen opgerig is om die "Patriot" en die Afrikaner Bond te bevorder nie; maar ook om die Bijbel in Afrikaans te vertaal. Die plan was om die Bijbel weer uit die oorspronklike tale te vertaal naar die wyse van die laatste Engelse vertaling, en dit werd aangeneem. Maar Ds. Jan Lion Cachet lê toe later weer 'n ander plan voor, namelijk om net die Bijbel in Afrikaans uit die Statevertaling oor te sit, daarop wijsende dat ons mense eenmaal so aan die State Bijbel gewend is, dat 'n nuwe vertaling uit die oorspronklike Hebreeuws en Grieks minder voldoening en tevredenheid sal gee. Die vertaling deur die Genootskap moet slegs als voorlopig werk beskou word, wat deur die professore van die Theologiese Seminarie nagesien en dan voor die sinode gelê sal word om van daardie liggaam instruksies en aanwysings te ontvang watter weg verder te volg.

Sommige het ongeduldig geword om langer te wag met die aanvang van die werk—die een bied geld aan, daardie een nog meer, terwijl mnr. Oelofse gereed was om sijn plaas hoog te verbinde om geld te krij om sonder verwijl met die vertaling 'n aanvang te maak. Ander wou 'n Maatskappij oprig om so doende geld te krij om die arbeid te voltooi. Maar 'n vertaling is nie die werk van twee jaar nie.

Intussen het Ds. S. J. du Toit met vertaal uit die ou tale begin om 'n paar proewe te lewer om te toon hoe die Bijbel in Afrikaans sal lees. Hij werd deur praktiese manne bijgestaan om hom te help om die regte Afrikaanse woorde en die juiste Afrikaanse uitdrukkinge te krij. Dit is immers gebeurlik dat geleerdes 'n Hollandse woord inlas, wat vir hom heel eenvoudig skijn; maar wat tog vir die gros van ons mense onverstaanbaar is. Watter geleerde weet nie wat 'n hert, rondas, ajuin ens. is nie, en tog hoe min van ons landgenote weet dat dit takbok, ronde skild, ui ens. beteken: om nie eens woorde als versenen, de waag, karmosijn ens. te noem nie.

Wanneer die regte Afrikaanse woord, of uitdrukking bepaal is, dan vereis dit geleerdheid, skrandtheid en kennis om dit in sierlike taal te klee; want die taal van die Bijbel moet statig en deftig wees. Hier geld ongeleerdheid nie; maar wel die verstand van 'n taalgeleerde.

Die plan het verder bestaan om 'n duidelike en verstaanbare vertaling te lewer. 'n Hoog-geleerde vertaling is vir die minder geoefende te moeilik om te verstaan; want, helaas, die geleerde klas in die maatskappij is nie altijd die trouwe Bijbellesers nie—hulle is meer die beoordelaars daarvan.

Die Genootskap het veel waarde geheg aan die wijze waarop Luther die Bijbel in Duits vertaal het, nie alleen wat die Heilige Skrif self betref nie, maar als algemeen reël. Hier volg wat Luther sê (vertaling in Afrikaans deur ons).

“ Ek weet seer goed, en mij teenstanders weet nog minder als die meulenaar se dier, watter kennis, vlijt, skrandtheid en verstand deur 'n degelike vertaler vereis word; want hulle het die proef daarvan nog nie geneem nie. Die spreekwoord sê: *W'langs die weg timmer het baing meesters, en so gaan dit met mij ook.* Mense, wat dit nog nie so ver gebring het nie en wat dus nie naar eis kan praat nie, moet vertaal laat staan. Hulle almaal saam is mij meesters en ek moet hulle almaal se leerling wees.

“ Ek het met vertaal getrag om suiwer en duidelik Duits te skrywe. Dit het ons dikwils oorkom dat ons veertien dae, ja drie of vier weke naar *een enkel woord* gesoek en gevra het, en het, somtijds na alles dit nog *nie gevind nie*. In Job het ons gewerk, Magister, Philippus (Melanchton), Aurogulus en ek op so 'n wijze dat ons soms in veertien dae nouweliks *drie reëls* tot stand gebring het. Liewe man! Nou dat dit in Duits oorgesit is, loop 'n mens drie vier bladsije met die oog oor sonder eenmaal te stuit. Maar 'n mens word nie gewaar watter kliphope en blokke daar gelê het nie, waar nou so glad oor gestap word als oor 'n geskaafde plank. 'n Mens kan goed ploeg als die akker eers gesuiwer is; maar om stompe uit te roei en veld skoon te maak dit wil niemand doen nie.

“ ’n Mens moenie uit die letter van ’n vreemde taal wil leer hoe ’n mens Duits moet praat nie; maar die huismoeder, die kinders op die straat, die gewone man op die mark, die moet ’n mens gaan vra. Wanneer ek naar die letter vertaal: “ Uit de overvloed des harten spreekt de mond.” Watter Duitser sou daaruit wijs word? “ Overvloed des harten ” is gin Duits nie, net so min als oorfloed van die kaggel, of van die bank ens. Maar só praat die huismoeder en die gewone man: “ Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.” Dit word goed Dui-praat genoem en daarop het ek mij toegelê. Maar ek het dit helaas! orals nie goed kan tref nie.

“ Die woorde, waarmee Maria deur die Engel begroet werd, het hul nog altijd naar die Latijnse letter vertaal. “ Wees gegroet Maria, vol genade!” Ag liewe! Waar druk ’n Duitser hom so uit?—“ U is vol van genade.” Ek het dit só vertaal: “ U aanminnige ” sodat ’n Duitser hom nog beter kan voorstel, wat die Engel met die groet gemeen het. Als ek die beste Duits moet gekies het, dan sou ek vertaal het: “ Liewe Maria ” dis wat die Engel eintlik wou gesê het, en so sou hij gepraat het als hij haar in Duits aangespreek het. Wie Duits verstaan, weet watter mooi hartelike woord dis is: die *lieve* God, die *lieve* vors, die *lieve* man, die *lieve* kind. Ek weet nie of ’n mens die woord *lieve* so hartelik en met sulke voldoening in Latijn of in ander tale kan uitdruk nie, dat dit so deur die hart en sinne kan dring en net so klink als in ons taal.

“ Al te onagsaam het ek ook nie van die letter afgewijk nie; maar ek het met mij medehelpers toegesien dat waar iets meer als gewoonlik aan ’n woord geleë is, ek dit dan letterlik oorgesit het. Wanneer b.v. Joh. VI: 27 Christus seg: “ Deze heeft God de Vader verzegeld,” dan sou dit wel beter Duits gewees het: “ Dese het God die Vader aangewijs,” of “ Dese bedoel God die Vader.” Maar ek het liewers iets van Duits wil opoffer als van die woord af te wijk. Waarlik! vertaal is nie ieder een se werk nie. Daartoe word vereis opregtheid, nouwkeurigheid, vlijt, angsvalligheid, kennis, bedrijwigheid en ’n regte christelik hart. Daarom beskou ek dat gin valse Christen, of verdeeldheidmaker getrouw kan vertaal nie.

“ Dit kan ek met ’n reïne gewete betuig, dat ek mij met die grootste getrouweheid en vlijt daartoe in die werk gestel het en nooit ’n onsuïwre bedoeling gehad het nie. Immers het ek daaraan gin penning verdien nie, ook het ek dit nie gesoek nie, veel minder verkrij. So het ek ook nie mij eer daarmee bedoel nie. Dit weet God die Here; maar ek het dit tot die diens van die liewe Christene gedoen en tot eer van Een wat bo is, en wat mij alle ure soveel goedheid bewijs, dat ek nie een uur se genade kan verdien nie, al het ek nog duisend maal vlijtiger vertaal. Al wat ek is en besit is van Sij genade en barmhartigheid en daarom wil ek graag, en van harte, dat dit alles aan Sij eer diensbaar mag wees. Ek is oorbeloond wanneer mij ook maar *een engel Christen* vir ’n getrouwe arbeider erken.”

Hier het ons dus in kort die beginsel, wat die ou Genootskap toegedaan was; want hulle was, daarvan oortuig dat dit hulle nie op ’n dwaalweg sal help om liewers vir dae en weke naar ’n suiwer Afrikaanse woord te soek als op die daad ’n vreemde woord of uitdrukking binne te nooi nie.

Na Ds. S. J. du Toit uit die Transvaal teruggekeer het en sig weer aan die Paarl gevestig het, het hij met groot opoffering al sij beskikbare tijd aan die Bijbel saak gewij. Die man het oor ’n verbasende werkkrag beskik soals ons min ken. Hij was ’n vlugge leser, hij deurblaai ’n boek en weet daarna die hele inhoud te vertel. Daarbij was hij ’n geöefende skrywer, selde of nooit lees hij ’n stuk na, na hij dit geskrywe het, maar stuur dit direk naar die drukker. Hij was goed geskool in Hebreeuws, Grieks en Latijn.

Na hij ’n end weg vertaal het, kom sij vrinde eenmaal per week bijmekeer en volg die vertaling woord vir woord. Onder sij helpers was ’n predikant en ’n sendeling. En toe hij ten gevolge van ’n karongeluk vroeg van ons weggeneem werd, had hij reeds sewe Bijbelboeke in Afrikaans vertaal!

En dit moenie vergeet word nie: sij tijd en gerief het hij en sij medehelpers, sonder enige vergoeding, aan die saak van liefde vrij ten offer op die altaar van sij God en Volk gelê. ✓

HOOFSTUK VI.

AFRIKAANS ALS SKRIJFTAAL.

Die eerste skrywers, wat opgetree het met die doel om *Afrikaans als skryftaal te gebruik*, was die voorstanders van 'n Afrikaanse vertaling van die Bijbel, "Klaas Waarsegger Jnr" en "Ware Afrikaner." Al die ander Afrikaanse geskrifte, wat voor 14 Aug. 1875 in die publieke pers verskijn het, het glad 'n ander betekenis gehad.

Die skrywer van die beroemde Samespraak van 1861 sê self daarvan in sij Hollandse voorwoord:—

"De Zamenspraak werd dus—op verzoek van vele vrienden—geschreven alleenlijk om die boeren een inligting te geven wat waarlik bedoeld wordt deur Seperatie."

Die plan van die Engelse bevolking van die Oostelike Provinsie was om af te skei van die Hollandse bevolking van die Westelike Provinsie van die Kaap Kolonie. Dus is die skrywer van die Samenspraak 'n Engelsman, of 'n Engelsgesinde gewees om daarin die belange van die Engelse bevolking teenoor die van die Hollandse gedeelte te bepleit. Wat die gehalte van die taal betref, wat hij in sij Afrikaanse samespraak gebruik het, gee ons hiervan 'n korte aanhaling: "Daar is al vele jare een maatschappij—tusschen de Kaap en de grenzen gewees. Al de gelt van landsinkomste gaat in een kas aan de Kaap—hulle vermors de gelt en leen nog bovenop, en ons moet toezien en rente betaal. Ons wil ook goede paaije hebbe en brugge over onze riviere en Jutse van onze eige, wat op de grenze woon, en kantore waar ons onze eige testamente kan registreeren, en onze plaatse kan laat overzit zonder hope met gelt aan Kaapse agente te betaal; en zelfs bestaanbare wette tussen meester en bediende te maak."

Uit bostaande bemerk ons, dat *die doel* van die geskryf en *die taal* wat daarvoor gebruik word, duidelik vir sigselwe spreek—die taal is *amper* Hollands.

Wanneer van Afrikaans als skryftaal gepraat, of geskrywe word, hoor ons so dikwels die aanmerking: “Afrikaans werd reeds in 1861 geskrywe, of *misskien* voor die tijd. Nee, krap maar die woordjies “of *misskien*” uit en vleg daarvoor in “en ook.”

Uit die aard van die saak verklaar die bewering sigself: Gedurende die Hollandse bewind aan die Kaap was die skoolwese beoerd, en hoeveel het toe solank op skool gebly om Hollands grondig te leer? Maar selfs aangeneem dat die ou koloniste wel Hollands degelik geleer het, dan moet ons daarmee rekening hou dat Lord Charles Somerset Hollands in 1827 uit die skole verban het. En wat was die geleerdheid van die “Boerskoolmeesters”? En gestel nog dat hulle goed was, watter plattelands seun, of dogter het lank genoeg onder sij leiding gebly om Hollands enigssins goed te leer?—Maar die buite distrikte werd al die tijd deur kerk en staat gruwelik verwaarloos; en waar het ’n ander taal kans gekrij om die plek van die Afrikaanse spreektaal (bij die Hollandse bevolking) in te neem? Die leser mag ons in die rede val deur op te merk: “Dis goed en wel; maar jij trakteeer ons op ’n bespieëling van geskiedkundige gebeurtenisse; maar waar is die bewijs dat ons mense wel Afrikaans als skryftaal in hulle briewe-wisseling gebruik het?”

Wel, ons het in ons jonger jare honderde briewe van ou grijsaards ontvang, wat getrag het om Hollands te skrywe; maar wat dit nie kon reg krij nie. Deursnuffel maar ons ou denk- en andere geskrifte en oortuie jouself. Dan moet ons nie vergeet nie dat daardie ou geskrifte deur bekwame persone opgestel was, waarvan die oorgrote meerderheid in Hollands geskrywe het. Baing van ons mense toe was onder die indruk dat, als hulle “wij was,” “ek heef,” “hij ben” ens. skryf dit dan vir pragtig Hollands moet deurgaen.

Hierdie toestand van sake het mnr. Pannevis, mnr. Hoogenhout, Ds. S. J. du Toit, en andere, wat Hollands geken het, tot

die oortuiging gedwing, dat dit beter vir die Afrikaner is om maar eenmaal te skrywe soos hij praat.

Met Afrikaans het dit gegaan nes met stoom: Hoeveel duisende mense het nie die wasem uit die tuit van 'n ketel sien blaas nie? Maar dit was Watt, wat stoom die eerste als werkkrag aangewend het. So ook was daar duisende, wat Afrikaans geskrywe het, maar dit was die Genootskap van Regte Afrikaners wat die bul die eerste bij die horings geneem en Afrikaans tot skryftaal verhef het.

Iemand wat nie meegedoen het nie om van 'n ongeskrywe taal 'n skryftaal te maak, kan nie aldag meepraat, hoe moeilik dit vir die Eerste Skrywers geval het nie. Hij is onder die indruk, dat die Eerste Skrywers met nuwe penne en skoon skryfpapier voor hulle op die skryftafel sit. Dis reg genoeg! Maar hulle sit op 'n vreemde kantoor, alwaar hul hulle malle verstand naar alles moet soek.

Die Eerste Skrywer weet wel om Afrikaans suiwer te praat; maar tas rond hoe hij die woorde moet spelle? Skryf hij naar suiwer letterklank, dan lijk b.v. "o'e" tog so anders als "ogen." Skryf hij "oge," dan krap hij sij kop, en merk op: "so praat 'n Afrikaner nie, of die g moet die klank van die Engelse g in 'go' hê." Wat nou te doen? Want so 'n klank het die g nie. Hij sê: "nou skryf dan maar o'e." En bekijk sij wonderwerk piekfijn deur en vra hom dan af—en dit is die oorweënde vraag: "Ek weet wat deur 'o'e' bedoel word; *maar sal die lesers, dit met eens vat?* En hulle het later die arme skrywer bestorm om hom te vra of dit Grieks of Chinees is. Die moeilikheid was om die mensdom aan die spelling gewend te maak. Hiervandaan het die vreeslike spot met die "nuwe taal" begin—dit was vir die, wat Hollands geleer het, peper in die oë.

Nou voel die Eerste Skrywer net soos een wat met 'n stukkende broek straat langs loop met blaffende honde agter hom aan. Hij haas naar huis en neem hom voor om 'n stuk te gaan skrywe, wat die welsprekendheid van die beste redenaar sal oortref, en wat die bewondering van die geleerdes moet afdwing. Hij skryf oor Droomland, hoe vrijerig die Maan sij arms naar die Sterretjies

uitsteek, hoe skaampies hul hulle laggende ogies agter die wolkies wegbêre en

Hier holt hij: "hoe moet ek skrywe?" En hij skryf "verberg." In die middel van die stuk, skryf hij "verberre," onderaan die stuk skryf hij "verbêre." Hij begin deurhaal tot sij geskrif so bont daar uitsien als 'n miskejaatkat. Daarop skryf hij dit netjies oor met die vaste voornemens: "Môre stuur ek hierdie meesterstuk 'Patriot' toe."

Die volgende dag lees hij sij maagdelike proefskrif eers aan 'n vriend oor, wat aanmerk: "Nee, ons volk ken nie so 'n plek als Droomland nie, nog minder het hulle kennis gemaak met Zeus, Apollo, Aurora en die hele geswetter. Nee, skryf oor wat hulle bewonder, wat hulle na aan die hand en hart lê."

Net toe sit die ellendige kaffers oor glad iets ander voor die venster te praat en een sê: "Waarom jij make so sleg? Aikôna mooi—dis banna lellik."

Kirts! kaarts! skeur die Eerste Skrywer sij stuk flenters, smijt dit in die snippermandjie om met pijp-as en gefrommelde papiere saam te baljaar en roep uit: "Ek sal liewers wag om te kijk hoe ander Afrikaans skrywe." Hij het gewag om goed op te let hoe ander dit op papier in woorde uitbeeld. En toe het hij begin om Afrikaans te skrywe. En so het u, leser, ook geleer om Afrikaans te lees en te skrywe!

Gin een kon beslag lê op die titel Professor in Afrikaans nie, in teendeel almaal was leerlinge en tog was hul die onderwysers van hulle medeskrywers. Help mekaar en wees vriendelik!

Voor almaal lê die verlos: "Ons skryf soos ons praat." Maar dit klaar die moeilikheid nog nie so gemaklik op nie; want niemand kan skrywe, of hij moet eers geleer het om te lees en skrywe. En hoe werd dit verkrij? Deur Hollands te leer lees en skrywe. Die gevolg is: *gehegtheid aan die Hollandse spelwijse*, wat vir Afrikaans nie in alle opsigte doeltreffend is nie. Hierdie gehegtheid openbaar sig in al die eerste Afrikaanse geskrifte, so noem b.v. "Klaas Waarsegger Jr." sig so, in plaas van "Klein Klaas Waarsêër." Die eerste "Patriot" behou nog die lidwoord "een" in plaas van "n," en so kan ons ette-

like gevalle noem, soos b.v. die taal van die beroemde Same-spraak, van President F. W. Reitz, C. P. Hoogenhout (Geskiedenis van Josef), Melt. J. Brink ens. Hollands was bij ons almaal met die rottings op ons velle ingeslaan en met oorwakse bij ons ore ingepleister, hoe wil pen en ink dit uit ons bloed so gemaklik uitkrij?

Volg die skryftaal en let hoe ongemerk, dog gewis, die Afrikaanse invloed die oorhand gekrij het—maar net tot waar die Genootskap die taal gelos het. Nou lijk sommige stukke al baing naar Afrikaans-Hollands in plaas van Suiwer Afrikaans.

Die spreektaal laat sig nie so gemaklik—altans bij ons bevolking nie—naar die skryftaal buig nie. In ons voornoemde verlore Aantekeninge had ons dikwels geleentheid gevind om daarvan notiesie te neem. Om dit met 'n voorbeeld toe te lig: “Wie van ons eenvoudigste mense weet nie wat die woorde *toorn*, *staf*, *swaard* ens. beteken nie. Hulle hoor die woorde ieder Sondag in die kerk, ja aldag bij die huisgodsdien. En tog sal gin Afrikaner sê: “Die man sij *toorn* het teen mij ontsteek,” of “Daar stap 'n men met 'n *staf* in sij hand” of “Daar loop 'n offisier met 'n *swaard* aan sij sij.” Nee, hij druk hom so uit: “Die man se *kwaaibui* het op mij losgebars,” of “Daar stap 'n man met 'n *stok* (of kerie) in sij hand,” of “Daar loop 'n offisier met 'n *sawel* aan sij sij.”

Nou is die geroep van die latere beweging: “*Ons verrijk ons taal met sulke uitdrukings!*” Ja dit mag so wees; maar dan ten koste van ons eie sinswendings of uitdrukkings—die karakter van Afrikaans is daarmee gemoeid—dit word dan 'n ander taal en verdraai ons gedagtegang. En dit het die ou Genootskap en sij skrywers wou voorkom. Wat help dit een koers te dink, te voel en te praat en dan weer 'n ander onnatuurlike koers van skrijwe in te slaan? Dit word geleerd en nie prakties genoem nie.

Ons het flussies hierbo van die spelling van woorde gewag maak. Met die baing briewe uit alle dele van die land het die ou Genootskap opgemerk dat die skrywers in algemeen die spelreëls goed volg, als behalwe in die gevalle van f en v, van ei en

ij, van ie en i. Die oorweging was: Waarom moet die twee ge-
lijkluidende letterklanke nog behou word, anders als om die
oog te plesier, terwyl dit in die ware praktijk van alle nut ont-
kleed is! Ons mense het nie almaal die geleentheid om tot bij
matrikulasie te studeer nie. Dus, net om die oog te streel, kom
dit nou minder daarop aan of ons Afrikaners ooit Afrikaans
sonder fout skryf of nie. Die saak het hulle verhelp deur v, ei, ie
te laat wegyal, en die f, ij en i te behou. Als aa, ee, oo, uu mag
geskrywe word, waarom dan nie ii nie. Als a, e, o, u nie als
ope klanke op die end van 'n lettergreep, mag verduwweld word
nie, wat belet dit die i dan?

Maar, soos ons reeds opgemerk het: hulle brawe ou wit rij-
perd, werd in die donker vir 'n spook aangesien en moes vir 'n
bruin een verruil word, wat deksels swaar is om in die donker te
vind. En meen hul nog dat hul hom gekrij het, dan kom hul
soms met die verkeerde perd thuis.

Dit bring ons terug op die beskuldiging: "Die ou Genootskap
was te behoudend (konserwatief)." Wie is hier behoudend en
verlang naar die vleispotte van Egipte?

Maar ons voel reeds iemand ons op die skouer tik en met 'n
glimlaggie vra: "Moenie jouw mond verbij praat nie, of jouw
vingers met skrywe verband nie! Hoekom het die ou Genoot-
skap dan in "Ons Taal" (die opvolger van "Ons Klijntjie")
weer terug naar die v, ei en ie gekom?" Wel, ons antwoord is
klaar: "Die jonger medestrijers het seer oë gekrij als hulle die f,
ii en die i gesien het, en hulle (die medestrijers) was vir ons saak
baing wêrd, ons kon hulle nie mis nie. Daarom het die ou
Genootskap ingegee om *altwee* maniere van spelling toe te laat,
wetende dat hulle tog geleidelik aan *altwee* sal gewend word."

Kijk, ons ou mense het altijd in hulle State Bijbel ge lees:

Ende Ghij en zult niet dood slaan

en dit het hul later baing gehinder om te lees:

En Gij zult niet dood slaan.

Maar hinder dit hul vandag nog?

Wel, als altwee spelvorms naas mekaar in dieselfde tijdskrif toegelaat word, is ons daarvan oortuig, dat die kinders van hierdie jonger geslag liewers die makliker spelwijse sal wil aanneem als om baadjie uit te trek en met die f en v, die ei en ij, die ie en i te worstel. Die Reus van Vooroordeel lê reeds plat en lig nog net sijn kop op om ons nou en dan bang te maak. Dit word ons voorgehou: “Die publiek is teen ’n fonetiese spelling en sal nie geskryfte daarin geskrywe lees nie.” Dis bog praatjies daardie! Mevr. Dijkman het ’n Koekboek in Afrikaans in fonetiese spelling in 1890 uitgegee. In 1912 het daardie boek 15 herdrukke deurgeloopt, elk een van 3,000 of meer eksemplare—dus ’n herdruk al 18 maande van minstens 3,000. Van al ons Afrikaanse boeke het dit dus die grootste omloop en ons is daarvan oortuig dat, als die boek goed geadverteer word, die herdrukke mekaar nog sneller sal volg; want tans sien die een maar die boek in die hande van die ander. En ons weet almaal, dat dit nie die enigste Hollandse of Afrikaanse Koekboek is nie. Dus hier is ’n geval waar die fonetiese spelling nie in die minste hinder nie. Ons het nog gin een hoor kla: “Ons verstaan die boek nie, of ek wil dit nie hê nie terwille van die spelling!” Nee, die fonetiese spelling staan nie in die pad nie!

Laat een van ons bekwame skrywers ’n pronkskrif in Afrikaans in fonetiese spelling wae, en kijk of die waarde dan nie die kleding van die woorde sal oorskadewee nie!—Mits die beoordelaars onbevooroordeeld blij.

Dit kom maar eenmaal in die geskiedenis van ’n nasie voor om van sijn ongekrijwe taal ’n gekrijwe taal te maak, en min tree op als Eerste Skrywers; want niemand wil veld skoon maak nie. Daarom is die verantwoordelikheid van die Eerste Skrywers groot en hulle moet oorweë watter stempel hulle op die skryftaal gaan druk. en . . en . . watter spelwijse hulle gaan volg.